AKADEMIA

AD FUTURUM PER FONTES

# *Junior adviseur:*

BEMARKING

PRETORIA

Akademia is 'n Christelike, klassieke en onafhanklike hoëronderwysinstelling wat verbind is tot die uitnemende opleiding en vorming van studente vanuit en vir Afrikaanse taal- en kultuurgemeenskappe. Akademia het tans 'n voltydse pos in Pretoria vir 'n junior adviseur: Bemarking in die Bemarking en Kommunikasie-afdeling se Bemarking-span beskikbaar.

## POSDOELSTELLING

Akademia se studente het 'n keuse tussen nauurse afstandstudie oor 'n netwerk van sentrums of via e-leer en voltydse studie op een van ons kampusse in die Paarl of in Pretoria. Die junior adviseur: Bemarking se rol is om studentegetalle te verhoog deur goeie verhoudings met skole, ouers, besighede en gemeenskappe te bou, waardevolle raad aan voornemende studente te bied, en hulle deur die studieaansoekproses te begelei sodat hulle die beste studieroete kies.

## VERANTWOORDELIKHEDE

- Werf voornemende studente deur raadgewing en begeleiding.
- Is verantwoordelik vir opslaan en bemanning van stalletjies by skole, besighede en ander geleenthede.
- Beplan en voer bemarkings- en werwingsaktiwiteite uit in samewerking met koördineerder: Bemarkingsprojekte.
- Bou en onderhou verhoudings met teikengroepe in jou toegekende streek.

## POSVEREISTES

- 'n graad in Ondernemingsbestuur, Bemarking, Kommunikasie en/of 'n gelykstaande kwalifikasie
- een tot drie jaar se ervaring in algemene ondernemingsbestuur, bemarking en/of werwing
- ervaring in 'n hoëronderwysomgewing (voordelig)
- 'n gewilligheid om te reis met 'n geldige bestuurslisensie en eie voertuig
- uitstekende beplannings-, organiserings- en administrasievaardighede

## VAARDIGHEDE

- goeie kommunikasie
- handhawing van interpersoonlike verhoudings
- goeie tydsbestuur
- probleemoplossing en inisiatief
- implementerings- en uitvoeringsvermoë
- databestuur
- aanpasbaarheid
- prioritiseringsvermoë
- diensleweringsingesteldheid

Klik hier om vir die pos aansoek te doen. Aansoeke moet voor of op **28 April 2026** ingedien word.
Stuur 'n e-pos met jou Afrikaanse CV na vakanteposte@akademia.ac.za indien jy probleme met die skakel ervaar.

Akademia behou die reg voor om nie 'n aanstelling te maak nie. Akademia is kragtens die Wet op Hoër Onderwys 75 van 1997 by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding geregistreer (registrasienommer: 2011/HE08/005). Akademia is deel van die Solidariteit Beweging.